



# Nederduitse Gereformeerde Kerk

## EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste kollega,

Ontvang my tweede skrywe aan jou. Ek deel met jou vanuit die kantoor van die Algemene Sinode momente wat op kerklike terrein aan die gebeur is. In hierdie skrywe inligting oor die volgende onderwerpe: Teologiese Opleiding, Huweliksbevestigings, Jeugsake, Reformasie 500, Versoeningsgeleentheid 11 Junie, Droogtehelp.

### **TEOLOGIESE OPLEIDING**

Teologiese Opleiding in die NG Kerk is in 'n dinamiese fase van ontwikkeling. Aandag word gegee aan die belyning van Teologiese opleiding tov die verskillende komponente, Akademies, Praktijkvorming asook VBO. Samewerking met die drie Fakulteite en Hugenote Kollege het verstewig en daar word gekyk na die opleiding vir 'n verskeidenheid van bedieninge. Naas die voltydse opleiding van leraars word opleiding ontwikkel vir deeltydse studie met die oog op predikantsbediening. So ook vir persone wat geroepe is tot gefokusde missionale bediening, bv Jeug- en familiebediening; Gemeenskapsbediening; Pastoraat; Evangelisasie en Kerkplanting. Opleiding van ouderlinge met preekbevoegdheid word met behulp van die Kuratoria gestandaardiseer.

### **HUWELIKSBEVESTIGERS**

'n Besoek aan die DG van Binnelandse Sake is gebring om probleme rondom die registrasie van huwelike aan te spreek. Die volgende sake is aangespreek: Registrasies van nuwe huweliksbevestigings, die ingee van dokumentasie by die verskillende kantore, die oorplasing van die lêers van huweliksbevestigings en beter toeganklikheid tot die Departement se webwerf. Die gesprek sal opgevolg word met 'n skrywe aan die betrokke minister. Vir meer inligting, klik [hier](#).

### **NETWERK: JEUGINISIATIEWE**

'n Gesamentlike werkswinkel, waar die Taakspanne vir Kategese, Familiebediening, Belydenisaflegging en Jeuginisiatiewe teenwoordig was, het konstruktiewe uitkomstige opgelewer. 'n Silo-benadering het veroorsaak dat daar in die verlede min sinergie was tussen die verskillende jeugbedieninge in die kerk. Koördinering met mekaar en ander taakspanne soos bv die Taakspan vir Erediens, Taakspan vir Missionale Transformasie en Teologiese opleiding sal leemtes beter aanspreek. 'n Sambreeltaakspan, Geloofsvorming: Jeug is in die lewe geroep om die jeugbediening te koördineer.

### **REFORMASIE 500**

Heelwat word beplan vir die Reformasie 500 herdenking in 2017. Luther en die Reformasie in die algemeen is die fokus van die gedenkjaar. Die Taakspan Refo 500 se bydra bestaan uit 'n hele aantal items. Drie groot gesamentlike eredienste word in Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad beplan. Pinkstertemas vir 2017, 'n 40-dae program, *NOUS*-produkte met liturgie en gebede, VBO geleenthede word onder meer beplan. Predikante wat iets van die feesviering in

gemeentes wil maak, sal neeiwat produkte tot nuie beskikking ne.

## **VERSOENING 11 JUNIE**

Die NG Kerk was saam met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke betrokke by die reël van 'n versoeningsgeleentheid op 11 Junie in die Orlando -stadion. Die geleentheid is deur tussen 2000-3000 mense bygewoon. 'Die dag is gekenmerk deur aangrypende bydrae, waaronder vertellings, sang en gebede van verskillende groepe. Alhoewel die byeenkoms swak bygewoon is was dit 'n goeie begin vir 'n versoeningsproses wat die land broodnodig het. Een van die groot winspunte van die organisering van die versoeningsproses is die verhoudings wat tussen die leierskap van verskillende kerkgroeperings gevestig is.

## **DROOGTEHULP**

Die NG Kerk se Droogtehelpprojek het op hede 'n totaal van R3 598 294 ingesamel. Meer as 200 individuele bydraes, van 132 NG gemeentes en 4 Sinodes is ontvang. Die strategie was van die begin af om slegs fondse aan NG gemeentes beskikbaar te maak om hulle in staat te stel om hulp te verleen in die gemeenskap. Tot op hede is reeds R1 793 032.59 oorbetaal aan 20 gemeentes in droogtegeteisterde gebiede. R500 000 is oorbetaal aan Agri SA in die Wes Transvaal. Fondse is aangewend op verskillende wyses, soos vir die sink van boorgate, watertenks en pompe by skole, ouetehuse en kerke, veevoer en die vervoer daarvan. Meer inligting is beskikbaar by [www.ngdroogtehelp.co.za](http://www.ngdroogtehelp.co.za) en op die NG Droogtehelp Facebook-blad.

Bogenoemde punte is in kort wat die afgelope tyd op die kerklike toneel gebeur het. Indien daar navrae of opmerkings is, skakel gerus. Nelis van Rensburg en ek is op pad na die WRK se vergadering in Noorweë waar die die NG Kerk as volle lid terugverwelkom word. Meer oor die historiese gebeurtenis in 'n volgende skrywe.

Groete, sterkte en seën vir jou bediening!

Saam in Sy diens

**Gustav Claassen**

Algemene Sekretaris

Nederduitse Gereformeerde Kerk